**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr.: SR146/04

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

versus

**PHINEAS MATHABATHA**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | VAN COPPENHAGEN R et WRIGHT R |
| **UITSPRAAK:** | VAN COPPENHAGEN R |
| **GELEWER OP:** | 4 NOVEMBER 2004 |

---

[1] Die beskuldigde, 'n 46-jarige man, staan in die landdroshof Sasolburg tereg op 'n klagte dat hy artikel 17(a) van die Wet op Gesinsgeweld Wet 116 van 1988/1998 oortree het deurdat hy die bepalings van 'n bevel wat verleen was nie nagekom het nie of verbreek het.

[2] Op die klagte hom ten laste gelê, het die beskuldigde op 28 Oktober 2002 onskuldig gepleit en het die verrigtinge 'n aanvang geneem deurdat een staatsgetuie reeds getuig het.

[3] Die landdros wat die saak verhoor het, was egter daarna weens gesondheidsredes ongeskik verklaar en is van enige diens onthef. Feit is dus dat die betrokke landdros nie met die verrigtinge kan voortgaan nie.

[4] In omstandighede soos die onderhawige, geld twee skole van gedagtes:

Die eerste skool van gedagte is van mening dat die verrigtinge sonder enige bevel *de novo* voor 'n ander landdros voortgesit kan word. [Vergelyk **STAAT v DE KOKER 1978 (1) SA 659 (O)**] terwyl die tweede skool van gedagte is dat die verrigtinge vernietig moet word en 'n bevel by wyse van hersiening verkry moet word wat die verrigtinge vernietig met 'n lasgewing dat indien gepas die saak *de novo* voor 'n ander landdros verhoor moet word. [Vergelyk **S v LAPPING 1998 (1) ALL SA p. 331 par. 5.**] Wat ookal die posisie, feit is dat die verrigtinge nie voor die landdros wat met die verriginge begin het, voortgesit kan word nie en wel sou die Direkteur van Openbare Vervolging so dit gerade ag, *de novo* voor 'n ander landdros moet begin.

[5] Die volgende bevel word gemaak:

(i) Die verrigtinge in saaknommer B1890/02 in die landdros Sasolburg word tersyde gestel om indien die Direkteur van Openbare Vervolging dit gerade ag, die beskuldigde *de novo* te vervolg.

(ii) Sodanige verriginge moet voor 'n ander landdros geskied.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

EK STEM SAAM:

**G.F. WRIGHT, R**

/sp